**Woensdag 22 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 6:1-11; HK Sondag 16, Antwoord 43**
**Fokusgedeelte: Romeine 6:6**

## Christus se sterwe en ons daaglikse lewe

Ons belydenis wil dit duidelik stel dat die sterwe van Christus nie eers by ons dood vir ons betekenis het nie, maar dat dit elke dag ons lewe moet beheers. Dit is belangrik om die aandag daarop te vestig, want dit lyk soms of ons nie begryp watter groot betekenis die dood van Christus vir ons daaglikse lewe het nie. Volgens die Skrif en ons belydenis moet ons dit egter terdeë besef en prakties uitleef.

Wat die Kategismus hier sê, kom daarop neer dat as die dood beskou word as die *nou poort* waardeur ons toegang tot die ewige saligheid verkry, dan moet ons lewe op die *smal pad*, want dit is die enigste pad wat na die nou poort toe lei (Matt. 13:14). Hoe hierdie pad loop, word duidelik aan ons voorgehou as ons belydenis sê dat deur die krag van Christus "ons ou mens (die sonde) saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (moet word sodat) ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie".

Die dood en begrafnis van Christus ter wille van ons sondes moet tot gevolg hê dat ek my sondige natuur met al sy luste, begeertes en neigings moet kruisig, doodmaak en begrawe. Dit is harde woorde wat ook ons sonde openbaar. In die reël werk ons immers nie so hard met ons sondige neigings, begeertes en dade nie. Ons verdra en vertroetel dit eerder. Dit is egter baie gevaarlik, want dan kan dit ons maklik oorrompel. Daarom moet ons beslis optree: ons sondige gedagtes – dit moet aan die kruis gespyker word; ons sondige woorde – dit moet doodgemaak word voor dit op ons lippe kom; ons sondige dade – hulle moet só diep begrawe word dat ons hulle nooit weer in ons lewe sal herhaal nie. Dit is 'n pynlike selfoperasie, maar in die krag van Christus *moet* dit gedoen word.

As ons dit doen, sal dit volgens die Kategismus 'n dubbele uitwerking hê: *Negatief* kan ons sondige begeertes dan nie meer oor ons heers nie. Hierdie begeertes kan ons nog aanval soos terroriste en die lewe vir ons moeilik maak. Tog heers dit nie meer oor ons nie, want "*ons is nie langer slawe van die sonde nie*" (Rom. 6:6). *Positief* sal so 'n breuk met die sonde ons daartoe bring om onsself as lewende dankoffers aan Hom toe te wy sodat ons onder alle omstandighede sal vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand. 22:10). Dit is ook wat Paulus bedoel as hy sê: "*En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is*" (Rom. 12:1).